

# Sakkies vol geur



'n **S**ATYNSAKKIE waarin 'n botteltjie parfuim, geurige kruie, 'n duur koekie seep, of wat ook al geplaas kan word om as 'n oorspronklike geskenk weg te gee, kan in 'n japtrap gemaak word.

Al wat jy nodig het, is 'n stukkies fyn materiaal soos linon of satyn, vir die sakkie, en 'n stukkies hekelwerk om die openingrand van die sakkie mee te versier. Die sakkie maak jy so groot soos jy wil en die randjie hekel jy eenvoudig lank genoeg om oor die lengte van die openingrand van die sakkie te pas.

**AANWYSINGS:** Knip 'n stukkies materiaal reghoekig (minstens twee keer so lank as wat dit breed is), vou dit dubbel, met regte kante opmekaar, en stik synate toe. Dop sakkie om en vou openingrand na binne om,

breed genoeg om 'n buis te vorm waardeur koordjie gestee kan word om sakkie mee toe te trek. Vou rafelrand na binne en stik in posisie vas, maar laat 'n opening vir die koord.

**HEKELWERK: AFKORTINGS:** ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; dsl — dubbelslagsteek; herh — herhaal; p — picot (= drie kettingsteke, een kortbeen in eerste kettingsteek); slgs — sluitglijpsteek; grn — garing rondom naald.

**AANWYSINGS:** Hekel, met 'n hekelpen van 1,25 mm en Nr. 20-hekelgaring, 'n ketting met steke wat 'n veelvoud van 8 plus 1 is, en wat lank genoeg is om oor boonste rand (openingrand) van sakkie te pas. Sluit met 'n glijpsteek tot 'n ring.

**1e rondte:** Steek hekelpen in 9e ks van pen af en hekel \* 1lb in ks, 3ks, slaan 1 ks oor; herh tot einde, slgs.

**2e rondte:** 1kb, 3ks, slaan 3 ste oor, tot einde, slgs.

**3e rondte:** 1 onvoltooide dsl in vlg 3ks-sp, 1 onvoltooide dsl in daaropvlg 3ks-sp, grn en trek deur al die steke, 5ks; herh tot einde.

**4e rondte:** \* 1kb in vlg 5ks-sp, 9dsl in daaropvlg 5ks-sp. Herh van \* tot einde.

**5e rondte:** \* 1p in vlg st, 3kb; herh van \* rondom.

Knip garing af en werk netjies af.

Werk omranding aan boonste rand van sakkie.

**Let Wel:** Daar is geen patrone beskikbaar vir die geborduurde reuksakkies of die hekelrandjie van die tafelloper nie. ●